No 21 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 31 AUGUST 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATION AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTION**

Mr T A Simmers: That the House, noting that the Hon Marran claimed during the Sitting of the House during question time on 17 August 2023 that he had not received responses to a written question addressed to the Hon Minister Simmers and that he had to submit an oral question to obtain the information; noting that the parliamentary service indeed received the replies to the question and distributed them to Hon Marran; noting that the assertion in the House by the Hon Marran that he did not receive the replies when he in fact did receive them is a flagrant contravention of Rule 59; therefore, resolves that the Hon Marran unreservedly apologises for deliberately misleading the House and his comments that negatively reflected on the integrity and dignity of a Member of the House.

**MOTIONS (*Continued*)**

**SPEAKERS DEBATE**

Creating Hope and Equal Opportunities for Women.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(31 August 2023)***

1. Mr F C Christians: That the House debates the continued lack of service delivery in the townships of the Western Cape as it relates to refuse removal and blocked sewage drains.

2. Mr G Bosman: That the House resolves to nominate Derek Watts for the national Order of Ikhamanga for his excellent work and lifelong commitment to the field of journalism.

3. Mr P Marran: That the House debates the water crisis in the Matzikama Municipality.

4. Ms R Windvogel: That the House debates the plan of actions for the new COVID-19 variant, Eris, as the Western Cape has the the highest number of confirmed cases.

5. Ms A P Bans: That the House debates the rising number of gangsterism in Cape Town and what the local government is doing about it.

6. Mr L L Mvimbi: That the House debates the City of Cape Town's plans to sue the SA National Taxi Council (Santaco) for damages during the eight-day stayaway earlier this month.

**NOTICES OF MOTION** ***(24 August 2023)***

1. Mr T M Klaas: That the House notes that the Democratic Alliance Mayor in the Drakenstein Municipality, Conrad Poole, and members of his Mayoral Committee are being accused of and are facing allegations of corruption involving what is called the "pay-for-a-job-scheme"; further notes that these are serious allegations made against members of the racist DA party that goes around pretending to be the proponents of good governance; notes that, with the allegations laid bare, the party is now dragging its feet in getting to the bottom of this matter in fear of how this will expose them as a corrupt party that goes around putting corrupt people in office; and hopes that investigations against Poole and his cronies will begin as a matter of urgency in order to expose the rot that runs through the veins of the DA.

2. Mr T M Klaas: That the House notes that the Western Cape Department of Infrastructure has spent more than R161,7 million on security alone in order to stop the construction mafia, which is a breed of the same political party; further notes that the DA under Premier Alan Winde wants everyone to believe that the Safety Plan is effective, yet his other departments, which have nothing to do with the Safety Plan, spend more money on security rather than on the provision of housing; concludes by stating that the DA is in cahoots with these mafia gangs and this money, which is pretended to be paid for security purposes, in fact goes back to the DA in the form of kickbacks in order to fund their 2024 elections campaign; and notes that the DA is corrupt and it is now clear for everyone to see.

3. Ms C A T Murray: That the House notes and welcomes the R46 billion planned investment of Amazon Web Services (AWS) in Cape Town; notes that R15,6 billion of this amount has already been invested in setting up a footprint for AWS in South Africa; further notes that Amazon has opened its first international Amazon Web Services Skills Centre in the Mother City and that this centre aims to provide accessible cloud-skills training, including free foundational cloud training, for individuals interested in cloud computing and its potential career opportunities; and notes that big international investments play a key role in job creation in the Western Cape, and investments from high-profile companies, such as Amazon, contribute to the growing reputation of the Western Cape as the tech hub of Africa.

4. Ms C A T Murray: That the House welcomes the Day of 1 000 Opportunities recruitment drive that took place in the Athlone Stadium this week, where jobseekers could have interviews with businesses in the business process outsourcing (BPO) industry; notes that 1 000 paid learnerships in the BPO industry were available at this event; further notes that this event targeted the youth specifically, and that it will be the first employment opportunity for many of the participants; and recognises that this is yet another example

of innovation and empowerment by the Western Cape Government – enabling successful public-private cooperation that will make a difference in 1 000 young people's lives.

5. Mr M I Sileku: That the House notes that the Overstrand Municipality has won the 2022 Municipal Waste Management Evaluation Award; notes that the Stellenbosch Municipality and the Saldanha Municipality claimed 2nd and 3rd places respectively; and further notes that all three of these Municipalities are DA-run.

6. Ms L M Maseko: That the House notes that the Ministerial Housing Programme of the Department of Infrastructure is currently on track; notes that they have achieved a significant milestone with the successful delivery of homes to nearly 1 700 new homeowners in the Western Cape; notes that the ministerial projects have resulted in the completion of 1 696 housing units, with an additional 402 units to be completed by May 2024; notes that notably the Dysselsdorp Project in Oudtshoorn commenced construction in September 2021, resulting in the delivery of 459 Breaking New Ground (BNG) housing units as outlined in the project plan; notes furthermore that the Department will also allocate 75 serviced sites to individuals who had been living on the land prior to the project's initiation, but did not qualify for BNG units under the standard guidelines; further notes that the Mountain View Project in Mossel Bay has yielded impressive results, delivering a total of 1 003 units, of which 725 are BNG units that have already been handed over; notes that currently the Department is in the process of appointing an estate agent to facilitate the sale of the First Home Finance (previously called FLISP) units; and also notes that these projects address the needs of communities that have patiently waited for housing solutions for many years.

7. Mr G Bosman: That the House recognises the tremendous impact Derek Watts has had on South African journalism; notes that he exemplified everything a journalist should be: hard-hitting and dogged when necessary, but governed by an enduring kindness and compassion that shone through his work; and nominates Derek Watts for the Order of Ikhamanga for his exceptional contributions to South African journalism.

8. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with profound concern the recent accolade bestowed upon the City of Cape Town for its purported distinction as the "Best City"; notes that this recognition stands in stark contrast to the distressing reality faced by its impoverished residents who endure the offensive odour of uncollected waste due to egregious mismanagement; condemns the apparent prioritisation of propagandist narratives over the welfare of our citizens; calls for an immediate review of this award, urging transparent accountability for the dire living conditions experienced by the marginalised; and voices our unwavering commitment to truth and equitable treatment, striving for genuine progress that extends to every corner of our city.

9. Mr M K Sayed: That the House notes with concern the seven learner transport vehicles that were impounded by the City of Cape Town at the Pelican Park Primary School on 21 August 2023 with no reasons provided nor any complaints lodged by the school; notes that learner transportation is integral to education accessibility and such actions can disrupt the learning process; urges transparency and open communication to address this matter promptly; and notes that it is imperative to ensure the unhindered continuation of educational activities and the safety of learners.

10. Mr M K Sayed: That the House notes with discontent the prevailing infrastructure challenges at the Klipfontein Methodist Primary School in Philippi; notes that urgent and

collective action is imperative; calls on all stakeholders, including the City of Cape Town, to join hands in addressing these pressing concerns; notes that the absence of a proper road, sewage system and stormwater system severely hamper the school's functionality and compromise the safety and well-being of learners and staff; and demands immediate attention and collaboration to rectify these issues, ensuring a conducive learning environment.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21); Mr F C Christians (p 23); Ms A P Bans (p 23); Ms N G Bakubaku-Vos (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Mr P Marran (p 23); Mr L L Mvimbi (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A Cassiem (p 24); Mr T M Klaas (p 24); Mr K Brinkhuis (p 24); Mr T M Klaas (p 25); Mr I M Sileku (p 25); Mr L L Mvimbi (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr M K Sayed (p 26).

No 21 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 31 AUGUSTUS 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIE EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTEL**

Mnr T A Simmers: Dat die Huis, met kennisname dat die agb Marran tydens die Sitting van die Huis tydens vraetyd op 17 Augustus 2023 beweer het dat hy nie antwoorde ontvang het op ŉ skriftelike vraag wat aan die agb Minister Simmers gerig is nie en dat hy ŉ mondelinge vraag moes indien om die inligting te bekom; met kennisname dat die parlementêre diens inderdaad die antwoorde op die vraag ontvang het en dit aan agb Marran versprei het; met kennisname dat die bewering in die Huis deur die agb Marran dat hy nie die antwoorde ontvang het nie, terwyl hy dit wel ontvang het, ŉ blatante oortreding van Reël 59 is; daarom besluit dat die agb Marran onvoorwaardelik om verskoning vra omdat hy die Huis opsetlik mislei het en opmerkings gemaak het wat die integriteit en waardigheid van ŉ Lid van die Huis negatief geraak het.

**VOORSTELLE (*Vervolg*)**

**SPEAKERSDEBAT**

Die skep van hoop en gelyke geleenthede vir vroue.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(31 Augustus 2023)***

1. Mnr F C Christians: Dat die Huis die voortgesette gebrek aan dienslewering in die informele nedersettings van die Wes-Kaap met betrekking tot vullisverwydering en verstopte rioolafvoerpype debatteer.

2. Mnr G Bosman: Dat die Huis besluit om Derek Watts vir die nasionale Orde van Ikhamanga te benoem vir sy uitstekende werk en lewenslange verbintenis tot die veld van joernalistiek.

3. Mnr P Marran: Dat die Huis die waterkrisis in die Matzikama-munisipaliteit debatteer.

4. Me R Windvogel: Dat die Huis die plan van aksie vir die nuwe variant van COVID-19, Eris, debatteer aangesien die Wes-Kaap die hoogste getal bevestigde gevalle het.

5. Me A P Bans: Dat die Huis die stygende getal bendeaktiwiteite in Kaapstad, en wat die plaaslike regering daaraan doen, debatteer.

6. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis die Stad Kaapstad se planne om die SA Nasionale Taxiraad (Santaco) vir skadevergoeding tydens die agt dae lange wegblyaksie vroeër vandeesmaand te dagvaar, debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(24 Augustus 2023)***

1. Mnr T M Klaas: Dat die Huis kennis neem dat die Demokratiese Alliansie se burgemeester van die Drakenstein Munisipaliteit, Conrad Poole, en lede van sy burgemeesterskomitee beskuldig word van en bewerings van korrupsie in die gesig staar vir wat die “betaal-vir-’n werk-skema” genoem word; verder kennis neem dat dit ernstige aantygings is wat gemaak word teen lede van die rassistiese DA-party wat rondgaan en voorgee dat hulle die voorstanders van goeie regering is; kennis neem dat, met die aantygings blootgelê, die party nou sy voete sleep om tot die kern van hierdie saak te kom uit vrees vir hoe dit hulle sal ontbloot as ’n korrupte party wat rondgaan en korrupte mense in ampte aanstel; en hoop dat die ondersoek van Poole en sy makkers dringend sal begin om die verrotting wat deur die are van die DA loop, bloot te lê.

2. Mnr T M Klaas: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur meer as R161,7 miljoen aan sekuriteit alleen bestee het om die konstruksiemafia, wat ’n deel van dieselfde politieke party is, te stuit; verder kennis neem dat die DA onder Premier Alan Winde wil hê almal moet glo dat die Veiligheidsplan doeltreffend is, maar tog bestee sy ander departemente, wat niks met die Veiligheidsplan te doen het nie, meer geld aan sekuriteit eerder as aan die verskaffing van behuising; ten slotte verklaar dat die DA kop in een mus is met hierdie mafiabendes en dat hierdie geld, wat veronderstel is om vir veiligheidsdoeleindes betaal te word, in werklikheid teruggaan na die DA in die vorm van gunslone om hul 2024-verkiesingsveldtog te finansier; en kennis neem dat die DA korrup is en dat dit nou duidelik is vir almal om te sien.

3. Me C A T Murray: Dat die Huis kennis neem van en die beplande belegging van R46 miljard deur Amazon Web Services (AWS) in Kaapstad verwelkom; kennis neem dat R15,6 miljard van hierdie bedrag reeds belê is om ’n voetspoor vir AWS in Suid-Afrika te vestig; verder kennis neem dat Amazon sy eerste internasionale Amazon Web Services-vaardigheidsentrum in die Moederstad geopen het en dat hierdie sentrum ten doel het om toeganklike wolkvaardigheidsopleiding, insluitende gratis grondslagwolkopleiding, te verskaf aan individue wat belangstel in wolkrekenaarkunde en die gepaardgaande potensiële loopbaangeleenthede; en kennis neem dat groot internasionale beleggings ’n sleutelrol speel in werkskepping in die Wes-Kaap, en dat beleggings van hoëprofielmaatskappye, soos Amazon, bydra tot die groeiende reputasie van die Wes-Kaap as die tegnologiese middelpunt van Afrika.

4. Me C A T Murray: Dat die Huis die werwingsveldtog bekend as die Dag van 1 000 Geleenthede verwelkom wat vandeesweek in die Athlone-stadion plaasgevind het, waar werksoekers onderhoude met sakeondernemings in die sakeprosesuitbestedingsbedryf (BPO-bedryf) kon voer; kennis neem dat 1 000 betaalde leerderskappe in die BPO-bedryf by hierdie geleentheid beskikbaar was; verder kennis neem dat hierdie geleentheid die

jeug spesifiek geteiken het, en dat dit die eerste indiensnemingsgeleentheid vir baie van die deelnemers sal wees; en daaraan erkenning gee dat dit nog ŉ voorbeeld is van innovering en bemagtiging deur die Wes-Kaapse regering – wat suksesvolle openbare-private-samewerking moontlik maak wat ŉ verskil in 1 000 jongmense se lewens sal maak.

5. Mnr M I Sileku: Dat die Huis kennis neem dat die Overstrand-munisipaliteit die Toekenning vir die Evaluering van Munisipale Afvalbestuur vir 2022 gewen het; kennis neem dat die Stellenbosch-munisipaliteit en die Saldanha-munisipaliteit onderskeidelik 2e en 3e plekke behaal het; en verder kennis neem dat al drie hierdie munisipaliteite deur die DA bestuur word.

6. Me L M Maseko: Dat die Huis kennis neem dat die Ministeriële Behuisingsprogram van die Departement van Infrastruktuur tans op koers is; kennis neem dat hulle ŉ beduidende mylpaal behaal het met die suksesvolle verskaffing van huise aan byna 1 700 nuwe huiseienaars in die Wes-Kaap; kennis neem dat die ministeriële projekte gelei het tot die voltooiing van 1 696 behuisingseenhede, met ŉ bykomende 402 eenhede wat teen Mei 2024 voltooi sal word; veral kennis neem dat bouwerk aan die Dysselsdorp-projek in Oudtshoorn in September 2021 begin het, wat gelei het tot die lewering van 459 behuisingseenhede van Breaking New Ground (BNG) soos uiteengesit in die projekplan; verder kennis neem dat die Departement ook 75 gedienste terreine sal toeken aan individue wat voor die projek se aanvang op die grond gewoon het, maar nie ingevolge die standaardriglyne vir BNG-eenhede gekwalifiseer het nie; verder kennis neem dat die Mountain View-projek in Mosselbaai indrukwekkende resultate gelewer het, wat ŉ totaal van 1 003 eenhede insluit, waarvan 725 BNG-eenhede is wat reeds oorhandig is; kennis neem dat die Departement tans besig is om ŉ eiendomsagent aan te stel om die verkoop van die eenhede van First Home Finance (voorheen genoem FLISP) te fasiliteer; en ook kennis neem dat hierdie projekte aandag skenk aan die behoeftes van gemeenskappe wat jare lank geduldig op behuisingsoplossings gewag het.

7. Mnr G Bosman: Dat die Huis erkenning gee aan die groot impak wat Derek Watts op Suid-Afrikaanse joernalistiek gehad het; kennis neem dat hy ŉ voorbeeld was van alles wat ŉ joernalis behoort te wees: indringend vasberade wanneer dit nodig is, maar gekenmerk deur deurlopende vriendelikheid en deernis wat altyd uit sy werk geblyk het; en Derek Watts vir die Orde van Ikhamanga benoem vir sy besonderse bydrae tot Suid-Afrikaanse joernalistiek.

8. Me R Windvogel: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die onlangse eerbewys wat aan die Stad Kaapstad toegeken is vir sy beweerde onderskeiding as die “Beste Stad”; kennis neem dat hierdie erkenning in skrille kontras is met die ontstellende werklikheid waarmee sy verarmde inwoners te kampe het wat die afstootlike reuk van onversamelde afval weens ernstige wanbestuur moet verduur; die oënskynlike prioritisering van propagandistiese narratief bo die welsyn van ons burgers veroordeel; ŉ beroep doen vir die onmiddellike hersiening van hierdie toekenning, en aandring op deursigtige aanspreeklikheid vir die haglike lewensomstandighede wat deur die gemarginaliseerdes ondervind word; en ŉ onwrikbare verbintenis tot waarheid en billike behandeling uitspreek wat streef na ware vooruitgang wat tot in elke hoek van ons stad strek.

9. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met kommer kennis neem van die sewe leerdervervoervoertuie wat op 21 Augustus 2023 deur die Stad Kaapstad by die Pelican Park Primary School geskut is sonder dat enige redes verskaf is of sonder dat enige klagtes deur die skool ingedien is; kennis neem dat leerdervervoer ʼn integrale deel van onderwystoeganklikheid is en dat sulke optrede die leerproses kan ontwrig; aandring op deursigtigheid en oop kommunikasie om hierdie saak spoedig op te los; en kennis neem dat dit noodsaaklik is dat die ongehinderde voortsetting van opvoedkundige aktiwiteite en die veiligheid van leerders verseker word.

10. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met ontevredenheid kennis neem van die voortgesette infrastruktuuruitdagings by die Klipfontein Methodist Primary School in Philippi; kennis neem dat dringende en kollektiewe optrede noodsaaklik is; ʼn beroep op alle belanghebbendes, insluitend die Stad Kaapstad, doen om saam te werk om aandag aan hierdie dringende bekommernisse te skenk; kennis neem dat die afwesigheid van ʼn behoorlike pad, ʼn rioolstelsel en ʼn stormwaterstelsel die skool se funksionaliteit ernstig benadeel en die veiligheid en welstand van leerders en personeel in die gedrang bring; en aandring op onmiddellike aandag en samewerking om hierdie kwessies reg te stel, wat ʼn bevorderlike leeromgewing sal verseker.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21); mnr F C Christians (bl 23); me A P Bans (bl 23); me N G Bakubaku-Vos (bl 23); me R Windvogel (bl 23); mnr P Marran (bl 23); mnr L L Mvimbi (bl 24); mnr P Z Lekker (bl 24); me A Cassiem (bl 24); mnr T M Klaas (bl 24); mnr K Brinkhuis (bl 24); mnr T M Klaas (bl 25); mnr I M Sileku (bl 25); mnr L L Mvimbi (bl 25); me P Z Lekker (bl 25); mnr M K Sayed (bl 25); mnr M K Sayed (bl 26).